

10 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 14:15-31
Fokusgedeelte: Eksodus 14:31

Sien God. Dit vul jou met ontsag

Hier word vir ons 'n besondere openbaring van God beskryf. Die betrokke aand was die Israeliete nog vreesbevange. Hulle het benoud na die Here geroep toe hulle vasgedruk is tussen die Egiptenaars en die see. Daar was vir hulle geen uitkoms nie.

Die volgende dag het hulle vrees en moedeloosheid plek gemaak vir verwondering. Hulle is met ontsag vir die Here vervul, want hulle het God gesien. Hulle het Hom gesien in sy werke, sy reddingsdade, toe hulle die Egiptenaars dood op die strand sien lê.

Hulle is met ontsag vervul toe hulle besef dat dit die Here is wat die uitkoms gegee het. Hierdie magtige ingrype van die Here het hulle vertroue in Hom herstel. Hulle het besef dat hulleself niks kon doen aan hulle situasie nie en daarom het hulle in die Here geglo en ook in sy dienaar Moses.

So gaan dit vandag nog. Dit is eers as jy werklik jou ellende besef, as jy erken jy is magteloos en verlore, dat jy met ontsag vir die Here vervul word. Dan besef jy immers iets van die omvang van sy reddingsdade. Dan eers sien jy God vir Wie Hy werklik is.

Hy het ons wat dood was as gevolg van ons sondes en misdade, ons wat hopeloos verlore was, saam met Christus lewend gemaak. Hy het die dood oorwin en die pad vir ons wat in Hom glo, oopgemaak na die nuwe Jerusalem.

Sy uitverkorenes word deur die krag van sy Gees só vervul met ontsag vir Hom dat hulle op Hom alleen vertrou.

Wanneer u magteloos en hulpeloos voel en nie lig sien nie, kyk dan na wat God ook in u lewe gedoen het. Sien Hom vir Wie Hy werklik is. Dan sal u ook vervul word met ontsag, want Hy is magtig "om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink" (Ef. 4:20).

Sing: Psalm 9:9, 10, 12

Ds. JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)